LUCAS MEYER PRIMÊRE SKOOL

REGULASIES EN GEDRAGSKODE VIR LEERLINGE EN ANDERE

(Hersien en aangepas 2020)

1. STATUTÊRE AGTERGROND

1.1 Visie- en Missiestelling van Lucas Meyer

1.1.1 Visiestelling

Om as skool te strewe na uitnemendheid op alle terreine, gemeet aan die hoogste, professionele, etiese en Christelike opvoedingstandaarde.

1.1.2 Missiestelling

Die skool se strewe is om, in gehoorsaamheid aan die Woord van God, kinders op te voed tot vorming van Koningkryksburgers en nuttige Landsburgers.

Die skool se leuse "Werk en Groei", vorm die hoeksteen tot verwesenliking van bostaande Visie- en Missiestelling.

1.2 Die Kode en Regulasies

1.2.1 Inleiding tot die Gedragskode en Regulasies

Die Gedragskode en Regulasies verseker 'n stelsel vir ordelike gedrag van leerlinge om sodoende 'n onderrigmilieu te skep vir alle leerlinge om hulle talente en vaardighede te ontwikkel.

1.2.2 Hierdie Gedragskode het die volgende doelwitte:

i) Om die regte van leerlinge, ouers en opvoeders te bevorder.

ii) Onderskryf die beginsel dat leerlinge hulle verantwoordelikheid aanvaar.

iii) Om alle manifestasies van onregverdige diskriminasie en onverdraagsaamheid te verbied.

iv) Onderskryf die veiligheid en sekuriteit van alle leerlinge, opvoeders en ouers.

v) Bekamp tweespalt en afstootlike gedrag van alle persone verbonde aan die skool.

1.3 Die Gedragskode en Regulasies is onderworpe aan

1.3.1 Die Grondwet (1996) van die Republiek van Suid-Afrika asook die Handves van Menseregte.

1.3.2 Die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996).

1.3.3 Die Staatskoerant - Algemene Kennisgewing 776 van 1998: "Riglyne vir die samestelling van Gedragskodes".

1.3.4 Provinsiale Onderwyswetgewing.

1.3.5 Die skool se Missiestelling.

1.4 **Toepasbaarheid van Gedragskode en Regulasies**

1.4.1 Alle rolspelers moet die Gedragskode en Regulasies handhaaf, alhoewel dit primêr betrekking het op leerlinge.

1.4.2 Die Gedragskode en Regulasies is slegs afdwingbaar op leerlinge van Lucas Meyer Primêre Skool en nie op leerlinge van ander skole nie.

1.4.3 Die bepalings van die Gedragskode sluit nie die individu se reg tot optrede teen enige beskuldigde in terme van die Wet uit nie.

1.5 **Spesifieke doelstellings van die Gedragskode en Regulasies**

1.5.1 Die daarstelling van 'n gedissiplineerde milieu ten einde effektiewe onderrig en leer te fasiliteer.

1.5.2 Om leerlinge met toepaslike gedrag toe te rus sodat hulle met waardigheid hul plek in die samelewing kan volstaan.

1.5.3 Om 'n morele waardesisteem te vestig sodat hulle verantwoordelike en nuttige landsburgers kan wees.

1.5.4 Om gemeenskapsverantwoordelikheid, selfdissipline, navolgenswaardige gedrags-patrone en leierskap te bevorder.

1.5.5 Om 'n kultuur van verdraagsaamheid, wederkerige respek en vrede te ontwikkel en na te streef tussen alle partye betrokke by die skool.

1.6 **Die wetlike gesag vir die beheer en dissipline van leerlinge**

1.6.1 Die Grondwet, Handves van Menseregte en die SA Skolewet bemagtig die Beheerliggaam om dissipline in 'n skool in stand te hou binne die gegewe raamwerk soos gewaarborg deur die Handves van Menseregte.

1.6.2 Die Gedragskode is voorskriftelik ten opsigte van optrede waardeur die regte van leerlinge sowel as opvoeders gerespekteer word.

1.6.3 Niks sal die leerling vrystel om gehoorsaam te wees aan die Gedragskode van die skool nie.

1.6.4 'n Opvoeder het dieselfde regte as 'n ouer om dissipline volgens die Regulasies en Gedragskode toe te pas gedurende amptelike skooltye asook tydens skoolverwante aktiwiteite.

1.6.5 Die skoolhoof of opvoeder het die reg om 'n leerling of sy besittings te deursoek indien redelike gronde bestaan dat die leerling 'n gevaarlike wapen, vuurwapen, dwelms of skadelike gevaarlike stof, gesteelde artikels of pornografiese materiaal in sy/haar besit het. Gedurende die ondersoek sal waardigheid en privaatheid in ag geneem word. Die sodanige ondersoek sal in teenwoordigheid van 'n ander persoon plaasvind.

16.6 Alle leerlinge en ouers het die reg van toegang tot die Gedragskode en Regulasies deur middel van 'n afskrif. Onkunde ten opsigte van die inhoud sal dus nie as verskoning aanvaar word nie.

16.7 Elke opvoeder en/of plaasvervanger is verantwoordelik vir dissipline van leerlinge onder sy toesig en het die volste reg en verantwoordelikheid om korrektiewe maatreëls toe te pas. Oortredings van ernstiger aard moet na bestuurspersoneel verwys word.

16.8 Oortredings met betrekking tot die Gedragskode en Regulasies moet met billikheid en regverdige optrede hanteer word.

2. VERANTWOORDELIKHEDE VAN LEERLINGE

2.1 Gedrag in die klaskamer en skool

2.1.1 Gedrag in die klaskamer, tydens saalbyeenkomste, studeerareas of enige ander area in die skool moet sodanig wees dat jy onder geen omstandighede die leerproses versteur van ander leerlinge nie.

2.1.2 Onvanpaste gedrag en/of ontstigtelike gedrag is onaanvaarbaar.

2.1.3 Openlike diskriminasie teen enige persoon by die skool is onaanvaarbaar.

2.1.4 Leerlinge mag nie betrokke raak by enige vorm van viktimisasie nie.

2.1.5 Geen leerling mag deur 'n ander leerling gedreig word nie.

2.1.6 Geen leerling mag 'n ander persoon doelbewus beseer nie.

2.1.7 Leerlinge mag nie betrokke raak by enige vorm van gedrag waardeur die veiligheid, moraal, gesondheid of welsyn van ander in gevaar gestel word nie.

2.2 Skool- en klasbywoning

2.2.1 Skool- en Klasbywoning is verpligtend.

2.2.2 'n Afwesigheidsbrief moet deur 'n ouer/voog ingedien word om afwesighede te motiveer. 'n Mediese sertifikaat kan in spesifieke omstandighede vereis word.

2.2.3 Leerlinge mag nie die skoolterrein verlaat sonder toestemming van 'n opvoeder nie.

2.2.4 Leerlinge moet betyds vir skool en skoolaktiwiteite arriveer en verdaag.

2.3 Skool en private eiendom

2.3.1 Beskadiging en nalatige hantering van enige skool en privaat eiendom is 'n ernstige oortreding. Ouers/voogde kan aanspreeklik gehou word vir skadevergoeding.

2.3.2 Enige vorm van rommelstrooiery is onaanvaarbaar.

2.3.3 Ongemagtigde besit van skooleiendom of ander se privaat eiendom is onaanvaarbaar.

2.4 Voorkoms

Alle leerlinge is verplig om skooldrag, soos voorgeskryf, te dra. Uitsonderings moet deur 'n opvoeder of bestuurslid gekondoneer word. (Raadpleeg asseblief skoolreëls).

2.5 **Skoolwerk en tuiswerk**

2.5.1 Lucas Meyer Primêre Skool is 'n opvoedkundige en akademiese instelling en daarom moet alle akademie voorrang geniet.

2.5.2 Onderrigtyd moet maksimaal deur leerlinge benut word. Selfwerksame takies, soos deur opvoeders verskaf, moet selfstandig voltooi word.

2.5.3 Projekte en take asook enige ander opdrag met betrekking tot die akademie moet betyds ingehandig word. Laat inhandigings sonder dat verskoning vooraf ontvang is sal, indien punte ter sake is, gepenaliseer kan word.

2.5.4 Die volgende akademiese wangedrag is onaanvaarbaar en strafbaar: Plagiaat; Kullery; Afskrywery.

2.6 **Dwelms, alkohol, rook(Sigarette,Vape,E-sigarette en Hubbly), pornografie, okkultiese material ens.**

Die besit, gebruik, verkoop en verspreiding of uitruiling van drank, sigarette, enige dwelm, pornografiese- of okkultiese materiaal, is ontoelaatbaar.

2.7 **Taalgebruik**

Swetsende, onsensitiewe en disrespekvolle taalgebruik sal teenoor geen persoon toegelaat word nie.

2.8 **Wapens**

Die besit en gebruik van gevaarlike wapens, asook voorwerp of instrument wat gebruik word om te beseer, sal nie toegelaat word nie.

2.9 **Rekenaar-netwerk**

2.9.1 Die volgende is ontoelaatbaar:

i) Die aflaai en installering van ongemagtigde sagteware of die toevoeging van ongemagtigde sagteware.

ii) Die gebruik van die netwerkdiens of rekenaars vir ongemagtigde aktiwiteite.

iii) Die bemoeienis of beskadiging van netwerk- infrastrukture, sagteware of rekenaar-toerusting.

2.10 **Die gebruik van selfone**

2.10.1 Leerlinge mag nie selfone skool toe bring nie. Leerlinge wat hierdie reëling oortree se selfoon mag vir 'n tydperk gekonfiskeer word.

2.10.2 Onder baie spesiale omstandighede moet ouers skriftelik motiveer waarom 'n leerling 'n selfoon mag skool toe bring.

2.10.3 Indien 'n spesiale versoek toegestaan word mag die selfoon nie in die klaskamer,

of enige ander formele byeenkoms gebruik word nie.

3. REGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE VAN LEERLINGE

3.1 Jy het die reg om jouself te wees by die skool en die verantwoordelikheid om jou talente vir die skool te gebruik.

3.2 Jy het die reg om gerespekteer te word en met agting behandel te word en die verantwoordelikheid om andere dienooreenkomstig te behandel.

3.3 Jy het die reg om kennis by die skool op te doen en die verantwoordelikheid om jou tuiswerk en klasopdragte uit te voer.

3.4 Jy het die reg tot skoolbywoning sonder vrees en die verantwoordelikheid tot getroue skoolbywoning.

3.5 Jy het die reg om jou kant van 'n saak te stel voordat stappe geneem word en die verantwoordelikheid om alle feite ten opsigte van die situasie aan die lig te bring.

3.6 Jy het die reg om te leer en te studeer en die verantwoordelikheid om te leer en te studeer en ander nie daarin te verhinder nie.

3.7 Jy het die reg om 'n opvoeder in die klas te hê en die verantwoordelikheid om in die klas te wees en volle samewerking te gee.

3.8 Jy het die reg om aan skoolaktiwiteite deel te neem en die verantwoordelikheid om nie sonder verskoning weg te bly nie.

3.9 Jy het die reg tot appél en dissiplinêre prosedure teen jou en die verantwoordelikheid om geregverdigde dissiplinêre optrede teen jou te aanvaar.

4. BELANGRIKE VENNOTE

Hierdie Gedragskode gaan van die veronderstelling uit dat daar 'n belangrike vennootskapsbeginsel bestaan tussen: OUERS, OPVOEDERS en LEERLINGE.

Hieronder word verstaan dat genoemde vennote mekaar sal ondersteun en aanvul en beslis nie sal opponeer of minderwaardig ag nie.

5. DISSIPLINÊRE PROSEDURE

5.1 Elke kategorie A oortreding word in die insidente lêer teenoor die leerling se naam aangeteken.

5.2 Na 3 van dieselfde kategorie A oortredings word 'n proforma brief voltooi waar die betrokke register personeellid die brief onderteken. Die inhoud van hierdie brief is om die betrokke ouer/ouers in kennis stel dat die kind detensie gaan sit vir 1 sessie (20 minute). Die brief word na die ouer/ouers versend vir ondertekening en kennisname.

5.3 Indien daar gedurende 'n kwartaal weer 2 van dieselfde kategorie A oortredings aangeteken word nadat die proforma skrywe aan die ouers versend was, sal die saak na die adjunkhoof verwys word wat gevolglik 'n onderhoud/telefoniese gesprek met ouers sal uitvoer. Indien die leerling 5 van dieselfde kategorie A oortredings begaan sal dit gelykstaande aan een kategorie B

oortreding wees.

5.4 Enige kategorie B oortreding word onmiddellik na die hoof/adjunkhoof verwys vir optrede. Die volgende prosedure geld as algemene riglyn vir kategorie B oortredings:

5.4.1 Voer onderhoud met betrokke personeel en raadpleeg insidente rekord van leerling.

5.4.2 Voer 'n onderhoud met betrokke leerling en raadpleeg getuies indien toepaslik.

5.4.3 Voer 'n onderhoud met ouers (persoonlik of telefonies).

5.4.4 Formuleer aksiestappe in samewerking met ouers.

5.4.5 Stel betrokke leerling in kennis van aksiestappe.

Let wel: Die hoof/adjunkhoof kan onderhoude per band opneem nadat betrokkenes daarvan in kennis gestel is.

5.5 Die inhoud van hierdie brief/samespreking vir 'n kategorie B oortreding is om die betrokke ouer/ouers in kennis stel dat die kind detensie gaan sit vir 5 sessies (100 minute)

5.6 Nadat 'n eerste kategorie B oortreding begaan was en die prosedure gevolg was in terme van klousule 5.4.1 – 5.4.5 en die leerling begaan 'n verdere kategorie B oortreding sal die volgende prosedure gevolg word:

5.6.1 Stappe soos beskryf in klousule 5.4.1 – 5.4.5 word herhaal.

5.6.2 Alle betrokkenes onderteken 'n skriftelike verslag wat aksiestappe uiteensit.

5.7 'n Derde kategorie B oortreding sal die leerling oorskuif na 'n kategorie C oorteding wat onmiddelike skorsing tot effek sal hê.

5.8 'n Kategorie C oortreding sal 'n onmiddelike skorsing tot gevolg hê.

5.9 Geliewe kennis neem dat die lys van oortreding slegs vir 'n kwartaal geldig sal wees. 'n Leerling begin elke kwartaal met 'n skoon insidente bladsy. Vorige kwartale se insidente word behou ter wille van rekordhouding.

6. LYS VAN MOONTLIKE OORTREDINGS

A		B	C
MINDER ERNSTIGE OORTREDINGS		**ERNSTIGE OORTREDINGS**	**ONMIDDELIKE SKORSING (TYDPERK BEPAAL DEUR HOOF EN ADJUNKHOOF)**
1	Tuiswerk onvoltooid	Hare kleur	In besit of gebruik van Sigarette, Vape, E-sigarette, Hubbly, dwelms, drank.
2	Boeke by skool/huis vergeet	Woon nie klasse/byeenkomste by nie.	Aanranding met die opset om ernstig te beseer.(Poging tot moord)
3	Boeke nie ingehandig soos deur onderwyser versoek.	Afknouery (Boeliegedrag)	Aanranding van 'n onderwyser.
4	Slordige werk	Lelike taalgebruik (ander leerlinge/persone vloek)	In besit van 'n wapen

5	Gesels in rye en klas wat steurende gedrag tot gevolg het.	Rassisme	**Drie van dieselfde kategorie B oortredings**
6	Afwesigheidsbrief/doktersbrief nie ingehandig nie	Vandalisme/opsetlike saakbeskadiging	
7	Strooi van Rommel	Seksuele teistering	
8	Oneerlikheid	In besit van pornografiese materiaal (foto's , boeke of video's)	
9	Skryf nie huiswerk af nie / onvolledig	Diefstal van enige aard	
10	Kougom kou	Betree, besoek of gebruik van teenoorgestelde geslag se kleedkamers/toilette.	
11	Eet/drink sonder toestemming in klas	Aanranding gewoon (bakleiery)	
12	Verkeerde skooldrag/ slordige skooldrag	Gebruik van selfoon sonder toestemming	
13	Op verkeerde terrein sonder toestemming.	Oneerlikheid in toetse/eksamen	
14	Speletjies wat gevaarlik is vir ander leerlinge.	Enige optrede wat die skool se naam in 'n slegte lig plaas (skool skade lei)	
15	Voer nie opdragte/instruksies uit nie	Uitdagende/parmantige gedrag	
16	Laksheid met betrekking tot skool korrespondensie	Verlaat terrein sonder toestemming	
		Vyf van dieselfde kategorie A oortredings	

7. **DIE VOLGENDE INLIGTING EN VORMS MOET IN DIE INSIDENTE LÊER BESKIKBAAR WEES:**

7.1 Die gedragskode vir leerlinge.
7.2 Opsomming van skoolreëls.
7.3 Dissiplinêre aanmeldingsvorm.
7.4 Insident verslagvorm vir ernstige oortredings.
7.5 Proforma brief van oortredings vir verwysing na ouer/voog.
7.6 Motiveringsbriewe vir uitsonderlike situasies. Negatiewe situasie – Geel en Rooi brief. Positiewe situasie – Groen brief.

Aanvaar op: 02-06-2020

Geteken: _____

Voorsitter: Beheerliggaam